Maandag **8 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 33:1-22**

**Fokusgedeelte: Psalm 33:12**

**Sy genade is onstuitbaar vir die wat Hy verkies het**

Hierdie is ’n juigpsalm oor die genade van die Here. Regverdiges juig in die Here. Hy is die Skepper wat gebied en dit staan.

Daar kan vele spanning en swarigheid oor ons kom. Tog is Hy daar. Meestal sien ons eers agterna hoe Hy ons daardeur en daaruit gelei het, daarom sê die digter (vs 3): Sing vir Hom ’n nuwe lied.

In vers 12 kom die psalm tot ’n hoogtepunt daaroor. Gelukkig is die volk wat Hy verkies het tot sy eiendom. Gelukkig die gelowiges. Onstuitbaar is sy liefde vir die gelowiges. Uit die hemel sien hy die mens en weet Hy alles. Sy oog is op almal wat Hom vrees en op sy goedertierenheid wag. Dit moet vir ons die troos en die bemoediging wees in alles wat ons deurleef, wat Hy toelaat om oor ons kom.

Soms voel jy eensaam en verlate daarin, maar in vers 18 is ’n tweede hoogtepunt. Die Here sien die wat Hom vrees en op sy goedertierenheid wag. Hy is ons hulp en ons skuld. Op sy heilige Naam vertrou ons. Daarom kan ons ons dae in vertroue, met sekerheid en uiteindelik met gejubel ingaan. Mag u weereens vandag ervaar hoe onstuitbaar sy genade vir u is. Hy is by jou.

*Sing: Psalm 30-1:3*

*Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)*